Nuwe Lied Bediening

Hy het 'n nuwe lied in my mond gegee, 'n lofprysing tot ons God sodat baie dit sal sien en respekvol vrees en op Yahuah vertrou. Ps.40:3.

Yeshua is die Boom van die Lewe. Wanneer ons die Torah bestudeer moet ons onthou dat Yeshua Die Gesalfde Een die Lewende Torah is – die Woord van יהוה wat vlees geword het – die Torah van Malki-Tzedek. Hy is die weg na die waarheid wat lewe gee – die Lewende Manna wat uit die hemel gestuur is. Sonder Yeshua wat deur die Afgesonderde Gees in ons, en deur ons lewe, sal die Torah van יהוה net die dooie letter van die wet wees!!
Yeshua is die hart van die Vader!

Parashah 27: *Tazria* – Swanger word

Verder het יהוה met Moshe gepraat en gesê: "Praat met die kinders van Yisra'el en sê: 'As 'n vrou swanger word en geboorte gee aan 'n seun, sal sy sewe dae lank onrein wees; soos in die dae van haar menstruasie, sal sy onrein wees. Lev. 12:1 en 2 – PWL[1]

Torah: Lev. 12:1 tot 13:59

Haftorah: 2 Kon. 4:42 tot 5:19

Nuwe Verbond: Matth. 8:1 tot 4; Matth. 11:2 tot 6; Mark. 1:40 tot 45; Luk. 2:22 tot 24; Luk. 5:12 tot 16; Luk. 7:18 tot 23.

Parashah 28: *Metzora* – Die Melaatse

יהוה het met Moshe gepraat en gesê: Dit is die wet vir die melaatse op die dag van sy reiniging.... Lev. 14:1 en 2.

Torah: Lev. 14:1 tot 15:33

Haftorah: 2 Kon. 7:3 tot 20

Nuwe Verbond: Matt. 8:2 tot 4; Matt. 9:20 tot 26; Matt. 11:2 tot 6; Mark. 5:24 tot 34; Luk. 8:42 tot 48; Hebr. 13:4.

Hierdie notas is aanvullend tot die vorige jare se notas vir Parashah 27 en 28 wat afgelaai kan word by: http://nuwelied.info/?page_id=1182

[1] Alle teksverwysings is geneem uit PWL (Pad van Waarheid tot die Lewe) Vertaling (www.padwlewe.ch), behalwe waar anders vermeld. Om 'n kopie van die Bybel te bekom kan Gerrie Coetzee per e-pos by gerrie@padwlewe.ch gekontak word of telefonies by 074 361 2134.
.

Develop a passion for learning. If you do, you will never cease to grow – Anthony J. D'Angelo.

Change is the end result of all true learning – Leo Buscaglia.

You can tell more about a person by what he says about others than you can by what others say about him – Leo Aikman.

Leerder en Leraar – ‘n Geheimenis uit die Hebreeuse *alephbet* (alfabet) dat Torah die Vader se instruksies en onderrig is:

Die eerste letter waarmee die Torah begin is die letter ב/bet (vet) (Gen. 1:1 – B’reisheet) en die laaste letter waarmee dit eindig is .tueD) demal/ל34:12 – Yisra’el). Voeg die twee letters saam en dit spel die woord leb/בל wat hart beteken. Torah is die hart van Vader se onderrig en instruksies en getuig van יהוה se liefde vir die mensdom.

Die letter *bet/vet* (ב) beteken *huis* of *tent* (letterlik) en *huishouding, hoof van die huis* en *koning op ‘n troon* (simbolies).

Die letter *bet* is dus ‘n sinnebeeld van ‘n huis en ‘n huishouding en van die Vader van die huis, asook van ‘n koning en ‘n koninkryk. Hierdie huis en huishouding sinspeel dus op die huis van Yahuah en dus op die tabernakel en later die tempel.

Die piktogram van *lamed* lyk soos ‘n herderstaf (ל) of ‘n porstok (*goad*). Die oorspronklike betekenis was *prikkel (prik), steek, aanpor, aanmoedig en aandrywe*. Die gedagte is komend van ‘n skaapherder waarmee hy sy skape oppas en aandryf na vielige weivelde. Die herderstaf simboliseer ook gesag. Die woord *lamed* kom van die wortelwoord *lamad* wat *leer* (om te studeer of te leer) of *onderrig* (onderwys of lering te gee) beteken, en wat die eerste keer in Deut. 4:1 voorkom: *Luister nou, Yisra’el, na die reëls en die wette wat ek julle leer (lamad) om te doen sodat julle mag lewe.....*

Volgens Hebreeuse denke beteken *lamad* die inskerp of inprenting van Torah – dit is soos ‘n herderstaf en porstok wat ons bewaar en aanpor. *Lamed* wat die grootste letter van die alephbet is, verwys dan ook na die bron van alle kennis (geleerdheid, kundigheid), naamlik Torah.

Elkeen moet dus ywerig wees om ‘n leerder (student) sowel as ‘n leraar (onderwyser) van Torah in Vader se huishouding te wees.

> Let op jouself, dat jy jouself volmaak voor God aanbied, as ’n werker wat hom nie hoef te skaam nie, wat die boodskap van die waarheid reguit verkondig. 2Tim. 2:15

Torah Bespreking

Hersiening

In die vorige Torah- en Haftorahskriflesing, naamlik *Shemini* (Agste) was die belangrikheid van gehoorsaamheid aan יהוה se Torah duidelik uitgespel!! In Levitikus 10 het ons geleer van die dood van Nadav en Avihu wat vreemde vuur in die Teenwoordigheid van יהוה geoffer het (Lev. 10:1-2) en dit nadat hulle opgelei en afgesonder was vir hierdie dienswerk

In die Haftorahskriflesing het ons geleer wat gebeur het toe Dawid die verbondsark terug na Jerusalem gebring het sonder om יהוה se Torah te raadpleeg oor hoe en deur wie die verbondsark gedra moes word.

Met opregte bedoelings het Dawid en Yisra'el voorbereidings getref om die verbondsark by Kiryat-Ye'arim te gaan haal. 'n Nuwe wa is vir die doel gebruik en Yisra'el het met sang en musiekinstrumente die wa vergesel (1 Kron. 13:8, 2 Sam. 6:5). By die dorsvloer van Kidon het die osse wat die wa getrek het, gestruikel en Uzah het sy hand uitgesteek om die verbondsark vas te hou (1 Kron. 13:9; 2 Sam. 6:6), maar die woede van יהוה het teen `Uzah ontvlam en God het hom daar neergeslaan vir sy oneerbiedigheid en hy is daar by die ark van God dood (2Sam. 6:7). Dawid het toe die ark na die huis van 'Oved-Edom, die Gittiet, geneem.

Drie maande na Uzah se dood het Dawid besluit om die ark van יהוה na Jerusalem te bring. Maar Dawid het eers teruggaan na יהוה se onderrig en instruksies (die Torah) om uit te vind hoe die verbondsark vervoer moes word en hy het toe presies daarvolgens dit gedoen en die ark terug na Jerusalem geneem na die plek wat hy daarvoor opgerig het (1Kron. 15:2-3).

Nadav en Avihu se dood, asook die gebeure met die terugbring van die verbondsark na Jerusalem dien as herinnering dat יהוה vereis dat ons Hom dien en aanbid volgens Sy onderrig en instruksies en nie volgens die mens se goeie bedoelings nie! יהוה vereis gehoorsaamheid! Goeie bedoelings is nie 'n plaasvervanger vir gehoorsaamheid nie!!

Dit is ook om hierdie rede dat ons nie onverskillig kan staan teenoor יהוה se voedselvoorskrifte nie (Lev. 11:1-47)! Voedsel, naamlik wat die mens mag eet en nie mag eet nie, was nog altyd 'n toets van gehoorsaamheid (Gen. 2:16-17) en 'n bewys van die erns en toewyding van die mens se verhouding met sy Skepper-God.

Die vorige Torahskriflesing eindig dan met hierdie woorde in Lev. 11:46-47:

> **46** Dit is die wet aangaande die diere, die voëls, al die lewende wesens wat beweeg in die water en aangaande alles wat op die aarde wemel,
> **47** om te onderskei tussen wat onrein en rein is en tussen die diere wat geëet en die diere wat nie geëet mag word nie.

Hierdie week is daar twee Torahskriflesings, naamlik *Tazria* (Swanger word) en *Metzora* (Die melaatse) en in beide word die belangrikheid om te kan onderskeie tussen dit wat rein en onrein is bespreek, asook om te kan onderskei tussen wat afgesonderd (heilig) is en nie afgesonderd (onheilig) is nie. Hierdie onderskeid is steeds belangrik vir elke gelowige in Yeshua as Die Gesalfde Een. Maar in die ou verbond is die klem op die fisiese, terwyl in die nuwe verbond is die klem op die geestelike toepassing van hierdie instruksies. Dit is egter in die ou verbond wat ons die ware betekenis van rein en onrein, asook van afgesonderd en nie afgesonderd leer.

In *Shemini* was die fokus op diere, naamlik om te onderskei tussen rein dierspesies wat geskikte voedsel vir die mens is en die wat onrein is en dus nie geëet mag word nie, want die gevolg is onreinheid. In hierdie week is die fokus op die mens en dit wat die mens onrein kan maak sodat hy nie in יהוה-God se afgesonderde Teenwoordigheid mag kom nie!

Melaatsheid word gebruik as 'n sinnebeeld van verwerfde onreinheid en daarom is dit noodsaaklik om te verstaan wat melaatsheid volgens יהוה se Torah beteken.

If I am filled with the Holy Spirit the same things that grieve the Holy Spirit will grieve my spirit – Leonard Ravenhill.

Melaatsheid Volgens Torah

In beide hierdie week se Torahskriflesing (*Tazria* en *Metzora*) word יהוה se onderrig en instruksies oor melaatsheid bespreek. Ten einde hierdie onderrig en instruksies te verstaan en prakties in ons lewe as vrygespreektes in Yeshua toe te kan pas, moet ons die verskil verstaan tussen melaatsheid volgens die Skrifte en dit wat hedendaags as melaatsheid beskou word. Vir dié doel sal hierdie verskille kortliks as agtergrond tot beter insae in beide Torahskriflesings bespreek word.

Eerstens moet ons onthou dat siekte ‘n voortdurende herinnering is aan hoe dinge verander het sedert die sondeval van die mens. Toe יהוה alles geskape het, het Hy gesê: *Dit was baie goed* (Gen. 1:31). Die sondeval was egter die begin van verval, verrotting (korrupsie) en dood. Siekte is ‘n herinnering aan sonde en die gevolge van sonde.

Een van die oudste en bekendste aftakelende siekte toestande is melaatsheid wat deur ‘n bakteriese infeksie van die genus bekend as Mycobacterium veroorsaak word en deesdae maklik geneesbaar is. Hierdie organismes behoort aan dieselfde genus wat tuberkulose veroorsaak, naamlik Mycobacterium tuberculosis.

In Torah is melaatsheid (*tsara’at*) egter ‘n oertipe van alle siekte toestande. Dit simboliseer ook die sonde-toestand van progressiewe verrotting (aftakeling) en uidendelik die dood. Melaatsheid soos in Torah beskryf word, moet daarom beide fisies en geestelik gesien word. Daarom word *tsara’at* uitgesonder as die toestand van onreinheid – fisies en geestelik. In יהוה se ewige Afgesonderde Plek is daar geen siekte, verrotting of dood nie. Daarom word dit ook nie in יהוה se aardse tabernakel (Afgesonderde) toegelaat nie. Onder die nuwe verbond as vrygespreek in Yeshua is ons as individue, asook korporatief, daardie Afgesonderde Plek (tempel). Ons kan dus slegs in יהוה se Teenwoordigheid staan indien ons rein (‘onbesmet’) en afgesonderd is. Sonde veroorsaak geestelike melaatsheid wat die mens onrein maak! ‘n Persoon wat op dié wyse ‘geïnfekteer’ (besmet) is, mag nie, en sal nie, in יהוה se Teenwoordigheid kom nie!

Die hedendaagse definisie van melaatsheid (ook bekend as Hansens-siekte volgens die navorsing deur Gerhard Henrik Armauer Hansen in 1873) verskil egter van die definisie wat as melaatsheid (*tsara’at*) in die Skrifte vertaal word, hoewel daar wel ‘n groot mate van ooreenkoms is en daar baie geestelike lesse uit beide hierdie siekte-toestande geleer kan word. Melaatsheid was vir baie eeue beskou as ‘n vloek van God wat sonde verwant is. Soos sonde veroorsaak melaatsheid ‘n stadige verval tot die dood uiteindelik intree en dan hoofsaaklik weens sekondêre infeksies.

Die term melaatsheid, en verwante woorde, kom sowat 68 keer in die Skrifte voor – sowat 55 keer in die ou verbond (Hebreeus: *tsara’at*) en 13 keer in die nuwe verbond (Grieks: *lepros; lepra*). Die man met die verdorde hand (Mark. 3:5; Matt. 12:13 en Luk. 6:10) het waarskynlik tuberkuleuse melaatsheid gehad.

In die Skrifte, en spesifiek in die ou verbond, het *tsara’at* ‘n verskeidenheid van velsiektes ingesluit, asook skimmelgroei (fungi-besmetting) op klere, leer en mure van wonings. In die Griekse vertaling van die ou verbond (die Septuagint) word *tsara’at* met *aphe lepras* vertaal wat *‘n veltoestand wat oor die liggaam versprei* impliseer. Dit dien as bevestiging dat melaatsheid volgens Torah en die hedendaagse melaatsheid nie dieselfde fisiese siekte is nie, maar die geestelike betekenis bly dieselfde. Hierdie is belangrike inligting wanneer ons *Tazria* en *Metzorah* bestudeer en hoekom die melaatses uit die kampterrein verdryf was.

Volgens sommige kundiges verwys *tsara'at* ook na skimmelinfeksie (swam, fungi). Die ontdekking van 'n baie toksiese skimmel (*Stachybotrys chartarum*) wat geboue besmet en inwoners kan infekteer (inaseming van spore produseer 'n mikotoksien) en presenteer as respiratoriese probleme, kroniese uitputting, hoofpyne, geheue verlies, irritasie van slymvliese en veluitslag dien as ondersteuning van die betekenis van *tsara'at* om skimmels in te sluit.

Melaatsheid soos ons dit vandag ken is nie 'n velsiekte nie, maar 'n siekte van die senuweestelsel. Die Mycobacterium val die periferiale senuweestelsel (die senuwees buite die brein en rugmurg) aan en versprei dan na die hande, voete en gesig waar dit verwronging van die vel, die weefsel en die beenstruktuur veroorsaak. Uiteindelik verdwyn die voelsensasie wat tot ernstige beserings kan lei, aangesien 'n melaatse nie kan voel dat hy pyn verduur nie. Melaatsheid word oorgedra deur direkte kontak met melaatses en deur hul respiratoriese uitskeidings (nies, hoes, speeksel) en is dus hoog aansteeklik.

In die Skrifte van die nuwe verbond is daar 'n klemverskuiwing ten opsigte van melaatsheid. Meer as in die ou verbond vind ons nou in die nuwe verbond יהוה se begeerte om deur die bediening van Yeshua die melaatses te genees. Yeshua het nie gehuiwer om die melaatses aan te raak nie. Hy het hulle nie verdryf nie, maar hulle met deernis en liefde aangeraak en genees. Op die wyse het Yeshua die begeerte van יהוה bevestig om dit wat skeiding maak tussen יהוה en die mens, naamlik sonde, uit die weg te ruim. Yeshua is die genesing van geestelike melaatsheid!

Opsommend: Melaatsheid volgens Torah moet nie slegs gesien word as melaatsheid soos ons dit vandag ken nie, maar ook as 'n verskeidenheid van siekte toestande wat die vel aantas en geestelike onreinheid veroorsaak. *Tsara'at* moet daarom gesien word as 'n toestand van onreinheid en onvolmaaktheid volgens יהוה se standaard. Dit is 'n veltoestand wat ontstaan het as gevolg van sonde, spesifiek weens sonde van die tong, naamlik kwaadspraak (skinder) wat in Hebreeus *l'shon hara* genoem word. Daarom kon 'n persoon wat melaats is (oortrek is met *tsara'at*), nie in יהוה se Afgesonderde Plek (die tabernakel) ingaan nie. Melaatsheid (*tsara'at*) in Torah kan gesien word as יהוה se tugtiging van sy kinders. Dit is 'n geestelike en fisiese toestand van onreinheid.

Geestelike Toepassing

Noudat Torah se definisie van melaatsheid uitgeklaar is, kan ons gaan kyk na hoe ons Torahskriflesing, *Tazria* en *Metzora*, geestelik op ons van toepassing is. Alvorens ons dit egter kan doen, moet ons ook verstaan wat יהוה se definisie van rein (Hebreeus: *tahor*) en onrein (Hebreeus: *tamay*) is, asook van afgesonderd (Hebreeus *kadesh*) en nie afgesonderd nie (Hebreeus: *chol*) is.

Dit kan kortliks soos volg verduidelik word. Tydens wedergeboorte word elkeen geroep tot afgesonderdheid. Dit is om uitgeroep en afgesonder te word (*to be set apart*) om soos יהוה afgesonderd te wees (1 Pet. 1:15 en 16; Lev. 11:44) en volmaak te word (Matt. 5:48). Ten einde afgesonderd te wees moet ons voortdurende rein wees. Afgesonderdheid is die proses waar ons deur Torah-gehoorsaamheid afgesonderd word en rein bly, maar waar ook voorsiening gemaak word dat indien ons weens sonde onrein (*tamay*) word ons weer gereinig kan word mits ons ware berou het.

Hoewel die mens aanvanklike geskape was met 'n inherente reinheid en afgesonderd, het die sondeval veroorsaak dat alle mense se status van rein (*tahor*) verander het na onrein (*tamay*) en van afgesonderd (*kadesh*) na nie afgesonderd nie (*chol*). Ons word almal in sonde ontvang en gebore. Die inherente reinheid van die mens is nou onderliggend tot sy onreinheid.

Hierdie toestand van onreinheid word egter deur wedergeboorte verander na reinheid en afgesonderd. Wedergeboorte deur vertroue in Yeshua as die gekruisigde en opgestane Messias verklaar elkeen rein en afgesonderd.

MAAR, na wedegeboorte, kan die mens deur sekere handeling, en onder sekere omstandighede, egter weer onrein word. Sonde, naamlik die oortreding van יהוה se onderrig en instruksies (Torah)(1 Joh. 3:4) veroorsaak dat die mens se inherente reinheid nou verwerfde (verkrygde) onreinheid word en dat hy sy status as afgesonderd verloor. Hierdie is egter ‘n toestand van ‘tydelike’ onreinheid, want deur sonde belydenis, en deur die onverdiende guns van vergifnis in Yeshua, word die persoon wat onrein geword het weer rein verklaar en herwin sy status as afgesonderd. Die wedergebore kind van יהוה moet egter die verantwoordelikheid vir sy verwerfde onreinheid aanvaar en sorg dat hy deur die regte handeling (belydenis, vergifnis vra en gehoorsaamheid) weer rein word. In die verband lees ons in 1 Joh. 1:8-10 die volgende:

> **8** As ons sou sê dat ons geen sonde het nie, mislei ons onsself en die Waarheid is nie in ons nie.
> **9** As ons ons sondes erken en laat staan, is Hy vertrouenswaardig en regverdig om ons ons sondes te vergewe en Hy sal ons van alle boosheid reinig.
> **10** As ons sê dat ons nie gesondig het nie, dan maak ons Hom tot leuenaar en is Sy boodskap nie by ons nie.

Melaatsheid begin as ‘n klein velletsel en versprei (vermeerder) dan tot dit uiteindelik die hele liggaam besmet. Dit is ook hoe sonde begin en vermeerder soos wat Jakobus dit verduidelik!

> **13** Laat niemand, as hy versoek word, sê: “Ek word deur God versoek nie,” want God is nie bekend met boosheid nie en Hy versoek nie die mens nie,
> **14** maar elkeen word getoets deur sy eie begeertes; hy begeer en word mislei.
> **15** Hierdie begeerte word verwagtend en gee geboorte aan sonde en as die sonde ontwikkel het, gee dit geboorte aan die dood. Jak. 1:13-15.

En omrede die melaatse se senuwee eindpunte in sy vel aangetas word, verloor die melaatse uiteindelik sy vermoë om te kan voel. Dit is ook hierdie toestand wat ons bereik indien ons sonde in ons lewe toelaat en vertroetel! Ons raak ook naderhand ‘ongevoelig’ vir die stem van die Afgesonderde Gees!

Any concept of grace that makes us feel more comfortable sinning is not biblical grace. God's grace never encourages us to live in sin, on the contrary, it empowers us to say no to sin and yes to truth – Randy Alcorn

In ‘n gevorderde stadium van melaatsheid word die melaatse se hande, voete en gesig verwronge en misvormend. Die melaatse is nie meer die beeld van ‘n mens nie! Volhardende sonde het soortgelyke effek op die mens sodat hy nie meer die beeld van sy Skepper-God vertoon nie!

Sonde is soos ‘n mikrobiese infeksie! Die meeste siektes word deur mikro-organismes (bakterieë, virusse, fungi, ens.) veroorsaak wat die mens se liggaam aanval (infekteer). Indien die natuurlike weerstand (immuniteit) nie die infeksie kan verhoed nie, is siekte die gevolg en word mediese behandeling vereis. Net so kan sonde die mens ‘infekteer’ en ‘n geestelike siektoestand veroorsaak wat later selfs fisies kan manifisteer! Hoe kan ons ons “immuniteit

teen sonde-infeksie" verhoog? Die antwoord is deur יהוה se onpartydige opregtheid te soek en deur Torah-gehoorsaamheid!

> maar soek eerste die Koninkryk van God en Sy onpartydige opregtheid en al hierdie dinge sal ook vir julle bygesit word. Matt. 6:33.

En in Jak. 4:7-10 lees ons:

> **7** Wees dan gehoorsaam aan God en staan op teen die teëstander en hy sal van julle af wegvlug.
> **8** Kom nader na God toe en Hy sal nader kom na julle toe. Sondaars, reinig julle hande; twyfelaars, sonder julle gedagtes, wil en emosies af!
> **9** Wees nederig, treur en huil. Laat julle gelag in rou verander word en julle blydskap in droefheid.
> **10** Wees nederig voor יהוה en Hy sal julle oplig.

Melaatsheid (*tsara'at*) in Torah kan gesien word as יהוה se tugtiging van sy kinders. Hierdie siekte toestand was die waarskuwing en bevestiging dat Torah oortree was, spesifiek die sonde van kwaadspraak (skinder; *l'shon hara*). Daar kan ook 'n verband wees tussen sonde en siekte soos bevestig word deur die genesing van die siek man by die bad van Beit-Hesda (Joh. 5:1-14). Let op vers 14:

> Na 'n tyd het Yeshua hom in die tempel gekry en vir hom gesê: "Let op, jy is gesond; moenie aanhou sondig nie sodat daar nie iets ergers as tevore met jou gebeur nie."

In die verband skryf Natan Lawrence die volgende:

> *Next time you have an ailment, a trial, a setback, or some other problem in life, before ascribing its occurrence simply to time and chance, reflect for a moment and consider this: perhaps, you are reaping the consequences for some sin that you have committed? Is there a sin in your life that you have not confessed and for which you have not repented? Is Elohim trying to get your attention? In the case of sickness, it could be as simple as you eating unhealthful foods or unclean meats, not getting enough exercise or enough rest. Or it could be the result of gossip, slander, bitterness, unforgiveness or anger. It could be smoking, excessive alcoholic consumption, sexual promiscuity… or violating some of יהוה's Torah commands that you know you should be keeping.* (*Tazria* – http://www.HoshanaRabbah.org)

Die hedendaagse leeraars en voorstanders van die voorspoedlering (*prosperity teaching,* ook bekend as die *health and wealth teaching*) is beslissend gekant teen wat Torah ons leer oor die verband tussen siekte en sonde. Die voorspoedlering is 'n valse leerstelling waar Satan die skuld vir alle siekte kry en waar ongeloof (te min geloof) as rede gegee word hoekom sommige nie genesing ontvang nie. Hiervolgens word geleer dat die gelowige van die nuwe verbond יהוה se seëninge deelagtig is ongeag of יהוה se Torah gehoorsaam word of nie. Aan die anderkant van die skaal is daar diegene wat verkondig dat alle siekte die wil van Vader-God is en dat die wat nie hul genesing ontvang nie, hul kruis blymoedig moet dra.

***L'shon hara* – Die Sonde van Kwaadspraak.**

In die Torahskriflesing *metzora* is die fokus op die melaatse.

> יהוה *het met Moshe gepraat en gesê: Dit is die wet vir die melaatse op die dag van sy reiniging....* Lev. 14:1-2.

Die Hebreeuse woord *metzora* wat *die melaatse* beteken is ‘n samestelling van die woorde *motzi* en *ra* en beteken *fontein van boosheid* en *hy wat lasterlik praat.* Dit herinner ons aan die volgende:

> **2** ’n Goeie man sal tevrede wees met die vrug van sy mond, maar die lewens van die bose sal tot niet gaan.
> **3** Hy wat sy mond bewaak, bewaar sy lewe; hy wat te veel praat sal verwoesting op homself bring. Spr. 13:2-3.

L’shon hara is die Hebreeus vir negatiewe woorde, spesifiek van kwaadspraak en skinder. Om die tong te beheer is die moeilikste deel van Torah om aan gehoorsaam te wees en dus die maklikste om te oortree!

Dit herinner aan Jakobus se woorde in Jak. 3:5-11:

> **5** net so is die tong ook ’n klein ledemaatjie en het heerskappy. ’n Klein vuurtjie steek ’n groot woud aan die brand!
> **6** Die tong is ook ’n vuur en die wêreld van boosheid soos ’n oerwoud. Die tong op sy eie onder die lede, besmet ons hele liggaam en dit steek die opeenvolgende generasies aan, wat soos wiele voortrol en brand soos vuur,
> **7** want die natuur van alle soorte wilde diere, voëls, reptiele, sowel as seediere, word getem deur die menslike natuur,
> **8** maar die mens is nie in staat om die tong te tem nie. Dit is onbeheerbaar boos, vol dodelike gif.
> **9** Daarmee seën ons יהוה-die-Vader en daarmee vervloek ons mense, wat gemaak is na die beeld van God.
> **10** Uit dieselfde mond kom seëninge en vervloeking. Dit, my broers, behoort nie so te wees nie.
> **11** Is dit moontlik dat uit dieselfde fontein vars en bitter water uitkom?
> **12** Of kan ’n vyeboom, my broers, olywe dra, of ’n wingerdstok, vye? Net so word bitter water nie soet gemaak nie.

Volgens Hebreeuse denke beteken kwaadspraak die volgende:

- *L’shon hara* maak drie mense dood, naamlik: die een wat dit praat, die een van wie gepraat word en die een wat dit hoor! Dit is soos om ‘n verekussing in ‘n stormwind oop te skeur – jy kan nooit weer alles terughaal nie.

- ‘n Skindertong is ‘n handelaar in negatiewe woorde. Dit is niks anders as die bekende gesegde: Waar die hart van vol is, loop die mond van oor!

- Deur kwaad te spreek (te skinder) oor iemand anders word jy skuldig aan die oortreding van die persoon van wie jy kwaadspreek.

Soos reeds bespreek is die uitstaande oorsaak van melaatsheid soos Torah dit definieer weens *l’shon harah*. Die basis van hierdie dodelike sonde is hoogmoed en selfisme! Vandag nog word die lesse in hierdie Torahskriflesing gebruik om die dodelikheid van negatiewe woorde en skinder by mense tuis te bring. Dit is veral die verhaal rondom Miriam se *metzora* wat as voorbeeld gebruik word (Numerie 12). Daarvan word afgelei dat *metzora* die gevolg is van ‘n skindertong.

Wanneer jy en ek toelaat dat negatiewe gedagtes en houdings oor ander mense aan ons bly kleef, sal ons vind dat dit ontkiem en groei soos vuilgoed in ‘n tuin. Selfs, sonder om ‘n woord te sê kan ons deel word van hierdie toestand. Net daardie frons of rol van die oë en ja, selfs stil stuipe is negatief. Dit is wanneer selfs ons wat geroep is om die lig in hierdie wêreld te wees, en om ‘n seën vir ander te wees, dit regkry om ‘n afbrekende, in plaas van opbouende, invloed te wees.

Wanneer ons negatief praat oor iemand, volg ons die pad van die slang in die Tuin van Eden. Hy het negatief gepraat oor יהוה. Eva het hierdie gif in haar gedagtes ontvang en dit laat saadskiet waaruit haar sonde gegroei het. Hierdie woorde van Satan het ‘n wig ingedryf tussen haar en יהוה en ook tussen haar en Adam, haar man.

Pas op, ek en jy doen dieselfde! Met ons negatiewe woorde dryf ons ‘n wig in tussen onsself en Vader-God, asook ‘n wig tussen jouself en die persoon wat jy kritiseer en tussen die persoon wat jy kritiseer en die een aan wie jy dit oorvertel!!

Kwaadspraak is antisosiale optrede in sy mees primitiewe vorm. Dit isoleer mense van יהוה en van mekaar. Dit is die gif van die slang in Genesis 3 wat deur die eeue aan ons bly kleef het. Onthou: Ons ore is nie asblikke nie!! En ons mond is nie die opening waardeur ‘afval’ verwyder word nie!

Ons almal het ‘genesing van die tong’ nodig!! Ons sal almal rekenskap moet gee van elke ydele (nuttelose, negatiewe) woord (Matt. 12:36). Onthou: Lewe en dood is in die tong (Spr. 13:3) en ons woorde het skeppingskrag!

As iemand dink dat hy God dien en nie sy tong in toom hou nie,[7] *mislei hy sy eie denke, wil en emosie en die diens van hierdie man is leeg en doelloos.* Jak. 1:26.

Ten slotte

Mark Huey in sy kommentaar ten opsigte van *Metzora* skryf die volgende:

> *One of the most prevalent calamities that can infect the human soul is the inherent need to build oneself up, and in so doing, in the deep recesses of the mind, a person can attempt to justify, or at the very least, cover up and deny his or her sin nature. One of the most frequent ways to enhance one’s personal image and self-estimation is to put other people down and to disparage (oneer, kleineer) them. This can occur by leveling insults against someone, thinking oneself to be superior, or by simply hating another person. By doing so, this allows the sinner to believe that he or she is better than the one being disparaged. The Scriptures are replete with admonitions against this, as God’s people are to be those who fight against the temptation to look down upon others with discord and revulsion!*

Bepeins of bespreek

1. Was *tsara’at* nie dalk ‘n bedekte seën nie? Onthou: יהוה bestraf en tugtig elkeen wat Hy liefhet (Heb. 12:6 en 7; Open. 3:19).

2. Hoe word ons onder die nuwe verbond gewaarsku en getugtig? Onthou: Die mens se wil is soewerein. Daarom kan God nie die mens se wil verander nie, maar kan wel omstandighede skep wat die mens se wil sal beïnvloed.

3. Is sonde die enigste moontlike rede (oorsaak) vir die siektetoestand van ‘n persoon? Wat van geneties-oorerflike siektes, asook chemiese besoedeling van die lug, water en voedsel waaroor ons geen of weinig beheer het en wat op die langduur sekere siektes, soos kanker, longkwale, ens. kan veroorsaak? Wat van Ex. 20:5 waar והיה sê: ....*wat die misdaad van die vaders besoek aan die kinders, aan die derde en aan die vierde geslag van die wat My haat*? Kan ons die gevolge van die sondes van ons voorouers ‘kanselleer’? Is die antwoord in Ex. 20:6?

4. Ons almal is bekend met wat dit is om aan die ontvang kant van *l’shon hara* te wees en die impak daarvan op ons lewens. Dit isoleer die persoon van wie kwaad gespreek word. Was dit nie ondermeer die bedoeling van *tsara’at* nie, naamlik om die een wat kwaad gespreek het buite die kamp in kwarantyn te isoleer dat hy of sy kan ‘voel’ hoe dit is om geïsoleer te wees?

Haftorah Bespreking – *Tazria*

2 Kon. 4:42-5:19 – Verneder jou voor יהוה

Hierdie week se Haftorah sluit aan by ons Torahskriflesing in die sin dat dit ‘n les is in die voordele van tugtiging en ons herinner aan Salomo se wyse woord, naamlik: want יהוה wys hulle tereg wat Hy lief het, soos ’n vader sy seun teregwys (Spr. 3:12).

Ons Haftorah herinner ons ook daaraan dat siekte die tugtiging van Vader-God kan wees en dat siekte se oorsprong dus ook weens sonde – die oortreding van Torah – kan wees. Dit is die les wat ons leer uit die genesing van Na’aman se melaatsheid.

Na’aman was die leerowerste van die koning van Aram (Sirië). Hy het hoë aansien en rykdom gehad, want deur hom het יהוה aan die Arameërs ‘n oorwinning gegee (2 Kon. 5:1). Na’aman was ‘n dapper held, maar sy dapperheid, hoë aansien en rykdom het van hom ‘n hoogmoedige mens gemaak. Hy was egter melaats en was daarom deur mense verstoot en vermy.

En tog het יהוה ‘n hoogmoedige melaatse heiden leerowerste gekies om Sy onverdiende guns van redding en genesing te betoon. Dit herinner ons aan die woorde van Paulus aan Timotheos dat dit die wil van die Vader is *dat alle mense lewe sal hê, en sal terugkeer na die kennis van die waarheid* (1Tim. 2:4).

Ons Haftorahskriflesing leer ons dat Na’aman egter eers van al sy hoogmoed ontslae moes raak alvorens hy genesing ontvang het. Hy moes homself eers verneder het alvorens יהוה hom kon verhoog het. Hy moes leer om homself aan die Woord van יהוה soos deur Elisha gespreek is te onderwerp (Jak. 4:10; 1 Pet. 5:6).

Kortliks het die gebeure soos volg verloop:

Die koning van Aram het vir Na’aman met ‘n brief, tien talente silwer, ses duisend sikkels goud en tien stel klere na die koning van Yisra’el gestuur (2 Kon. 5:5). By die lees van die brief waarin die genesing van Na’aman versoek word, het Yisra’el se koning sy klere geskeur en gesê: “Is ek dan God, om dood en lewend te maak, dat hierdie man na my stuur om van ‘n man sy melaatsheid weg te neem?” (2 Kon. 5:6 en 7).

Maar Elisha, die profeet en man van God, het egter daarvan te hore gekom en gesê om Na’aman na hom te bring. Met groot fanfare het Na’aman by die huis van Elisha opgedaag, maar die profeet het hom nie die ontvangs gegee wat by ‘n hooggeplaaste se aansien pas nie!

Nee, Elisha het slegs vir Na'aman 'n boodskap gestuur en vir hom gesê: "Gaan en was sewe maal in die Yarden en jou vlees sal aan jou herstel word en jy sal rein wees."(2 Kon. 5:10)! Hierop was Na'aman se verontwaardiging groot en sy hoogmoedigheid baie duidelik, want dit is nie soos hy sy genesing wou ontvang nie.

> **11** Na'aman was egter woedend en het weggegaan en gesê: "Let op, ek het gedink: 'Hy sal sekerlik uitkom om my te sien en staan en die Naam (Karakter en Outoriteit) van יהוה, sy God, aanroep en sy hand oor die plek waai en die melaatsheid genees.
> **12** Is Abanah en Farpar, die riviere van Dammesek, nie beter as al die waters van Yisra'el nie? Kon ek my nie daarin was en rein wees nie?" Hy het omgedraai en in woede weggery. 2 Kon. 5:11-12.

In sy hoogmoed het Na'aman gedink dat die riviere van Dammesek beter as die laagliggende Yardenrivier sou wees. Sy verwagting was dat sy genesing met groot vertoon gepaard sal gaan. Maar יהוה-God se weë is nie die van die mens nie. Die waters van die Yarden behoort aan יהוה, want die land Yisra'el is sy eiendom! Hy is die Groot Geneesheer wat die 'behandeling' voorskryf! Die sonde van hoogmoed, naamlik weiering om aan יהוה se opdrag gehoorsaam te wees, het in die pad van Na'aman se genesing gestaan.

Die dienaars van Na'aman het hom egter daarop gewys dat indien die profeet iets groots van hom sou vra, sou hy dit doen! Waarom dan nie ook die eenvoudige doen soos om homself te verneder deur sewemaal te was in die Yarden nie? Toe het Na'aman afgegaan en homself sewe maal in die Yarden gewas volgens die woord van die man van God en sy vlees is herstel soos die vlees van 'n jong seun en hy was rein (2 Kon. 5:14). Na'aman is genees nadat hy homself verneder het voor die Woord van יהוה soos deur die profeet Elisha gespreek is. Siekte het Na'aman nederigheid geleer!

Hierdie geskiedenis is ook bevestiging dat daar gevalle kan wees waar die oorsaak van siekte wel weens sonde is. Dit stem ooreen wat ons reeds bespreek het aangaande die man wat vir 38 jaar aan sy siekte gely het en toe deur Yeshua genees was (Joh. 5:1 tot 15).

Vader-God het 'n weersin in hoogmoed (Spr. 8:13; Spr. 16:18). Hoogmoed is een van die oorsake dat die mens onrein word en sy status as afgesnonderde verloor. Yeshua het dit bevestig toe Hy gesê het:

> **20** Wat uit die mens uitgaan, dit maak die mens onrein,
> **21** want uit die binneste, uit die verstand, wil en emosie van die mens, kom die bose gedagtes: egbreuk, seksuele immoraliteit, diefstal, moord,
> **22** gierigheid, boosheid, misleiding, onbeheerbaarheid, 'n bose oog (suinigheid), lastering, trots en doellose dinge.
> **23** Al hierdie booshede kom uit die binneste en maak die mens onrein." Mark. 7:20-23,

Ons Haftorah eindig egter nie hier nie! Nee, daar is nog twee belangrike lesse om te leer! Eerstens wou Na'aman die geskenke wat oorspronklik vir die koning van Yisra'el bedoel was, aan Elisha gee. Maar die profeet het dit egter geweier, want dit was nie oorspronklik vir hom bestem gewees nie. Die belangrikste les is egter dat die wonderwerk van genesing Na'aman se oë vir die waarheid oopgemaak het. Daarom lees ons dat hy gesê het: *Let op, nou weet ek dat daar geen God op die hele aarde is nie, behalwe in Yisra'el* (2 Kon. 5:15) en ook *laat daar asseblief twee muilvragte grond vir my gegee word, want u dienskneg sal nie langer brandoffers offer, of aan ander gode offer nie, maar net aan* יהוה (2 Kon. 5:17).

Laat ons altyd daaraan herinner word dat wanneer ons in diens van יהוה staan ons slegs materiële seën mag ontvang volgens יהוה se wil en nie volgens ons eie begeertes nie. Dit is

die les wat Elisha ons leer! Tweedens moet ons altyd onthou dat ‘n wonderwerk uit Vader-God se hand moet ‘n lewensveranderende ondervinding wees soos wat met Na’aman gebeur het. יהוה se seën moet ‘n innerlike verandering teweeg bring wat uiterlik sigbaar moet word. יהוה seën ons sodat ons meer gelykvormig aan Yeshua sal word.

Bepeins of Bespreek

1. Hoogmoed is die weiering om aan יהוה se Torah gehoorsaam te wees. Dit is om jouself bokant die Almagtige te stel – die Oppergesaghebber en Wetgewer oor alles en almal. Is dit nie een van die redes hoekom soveel mense nie hulle genesing ontvang nie, ten spyte van hul vele gebede en vertroue?

2. Hoeveel hedendaagse profete en geestelike leiers sal so ‘n groot geskenk soos wat Na’aman aan Elisha aangebied het weier? Wat het geword van die beginsel van verniet het ek dit ontvang en verniet gee ek dit (Matt. 10:8)?

3. Vader-God tugtig die wat Hy liefhet! Laat ons dit in nederigheid aanvaar en laat Heb. 12:4 tot 13 as troos en bemoediging vir ons dien:

-o-o-o-o-o-o-o-

Ontvang יהוה se Woord met welwillendheid, maar ondersoek self die Skrifte of hierdie dinge die waarheid is (Hand. 17:11).

Shabbat Shalom.
Johan.

Epos: kontak@nuwelied.info
Webwerf: http://www.nuwelied.info

Kopieë mag gemaak en gratis versprei word, maar mag nie verkoop word nie. Geen veranderinge mag aan die oorspronklike teks aangebring word en dit dan onder die naam van Nuwe Lied Bediening versprei nie.